
Dra
vrugte
Matteus 7:17-20


Weskerk
PREEKREEKS
GEROEP
vir groei
Plant waar jy blom!


BLY
gewortel
Kolossense 2:6-14


Groei
nader
1 Korintiërs 12:12-27


Dra
vrugte
Matteus 7:17-20

Net so dra elke goeie boom goeie vrugte, maar
'n slegte boom dra slegte vrugte. 18'n Goeie
boom kan nie slegte vrugte dra nie, en 'n slegte
boom kan nie goeie vrugte dra nie. 19 Elke boom
wat nie goeie vrugte dra nie, word uitgekap en
in die vuur gegooi. 20 Aan hulle vrugte sal julle
hulle dus uitken.

*Matteus 7:17-20*

"Maar die vrug van die Gees is liefde, blydskap,
vrede, lankmoedigheid, vriendelikheid,
goedheid, getrouheid, sagmoedigheid,
selfbeheersing. 23 Teen sulke dinge is die wet
nie. 24 Maar die wat aan Christus behoort, het
die vlees met sy hartstogte en begeerlikhede
gekruisig. 25 As ons deur die Gees lewe, laat ons
ook deur die Gees wandel. 26 Laat ons nie word
soekers van ydele eer wat mekaar uittart en
mekaar beny nie."

*Galasiërs 5:22-26*

Geseënd is die man
wat op die Here vertrou,
wie se vertroue die Here is.
8 Hy sal wees soos 'n boom
wat geplant is langs water,
wat sy wortels uitstoot na die voor.
Hy merk nie eers op
dat die hitte kom nie;
sy blare bly groen.
In 'n jaar van droogte
raak hy nie angstig nie,
en hy hou nie op om vrugte te dra nie."

*Jeremia 17:7-8*

Al sou vyebome nie bot nie,
daar geen opbrengs
aan die wingerdstokke wees nie,
die drag van die olyfbome teleurstel,
die landerye niks te ete lewer nie,
kleinvee uit die kraal verdwyn
en geen beeste in die stalle
oor wees nie;
18 nogtans sal ek jubel in die Here,
sal ek juig in die God wat my verlos.
19 Die Here, my Heer, is my krag,
Hy maak my voete soos wildsbokke,
op my hoë plekke laat Hy my loop.

Habakuk 3:17-19


Watter een is jy?

# Wat is die konstante?

"Alhoewel die vyeboom nie sal bloei en aan die
wingerdstokke geen vrug sal wees nie, die drag van
die olyfboom sal teleurstel en die saailande geen
voedsel oplewer nie, die kleinvee uit die kraal
verdwyn en geen beeste in die stalle sal wees nie —
18 nogtans sal ek jubel in die Here, ek sal juig in die
God van my heil.
19 Die Here Here is my sterkte, en Hy
maak my voete soos dié van herte, en Hy laat my
tree op my hoogtes."

# Wat is die konstante?

"Geseënd is die man wat op die Here vertrou, en wie
se vertroue die Here is. 8Want hy sal wees soos 'n
boom wat by die water geplant is en sy wortels
uitskiet by die stroom en nie vrees as daar hitte kom
nie, maar sy blad bly groen; en in 'n jaar van droogte
is hy nie besorg nie en hou nie op om vrugte te dra
nie.

# Wat is die konstante?

"Maar die vrug van die Gees is liefde, blydskap,
vrede, lankmoedigheid, vriendelikheid, goedheid,
getrouheid, sagmoedigheid, selfbeheersing. 23 Teen
sulke dinge is die wet nie. 24Maar die wat aan
Christus behoort, het die vlees met sy hartstogte en
begeerlikhede gekruisig. 25 As ons deur die Gees lewe,
laat ons ook deur die Gees wandel.

# Konstantes?

- God die Vader, jou Skepper.
  - Dit is jou fondasie, jou grond.
- Jesus Christus, die Seun en verlosser.
  - Jou minerale, jou voeding, jou water.
- Die Heilige Gees wat jou lei en leer.
  - Jou lig.

1"Ek is die egte druiwestok en my Vader is die
landbouer. 2Elke loot aan My wat nie vrug dra
nie, sny Hy weg; maar elkeen wat vrug dra,
snoei Hy skoon, sodat dit meer vrug kan dra.
3Julle is egter reeds skoon deur die woorde wat
Ek vir julle gesê het. 4Bly in My, soos Ek in julle.
Net soos die loot nie uit sy eie vrug kan dra as
dit nie in die druiwestok bly nie, so julle ook nie
as julle nie in My bly nie.

*Johannes 15:1-8*

5 Ek is die druiwestok, julle die lote. Wie in My bly
en Ek in hom, hy dra baie vrug, want sonder My
kan julle niks doen nie. 6 As iemand nie in My bly
nie, word hy soos 'n loot buite uitgegooi, en
verdroog. Hulle maak dit bymekaar en gooi dit
in die vuur, en dit verbrand. 7 As julle in My bly,
en my woorde in julle bly, vra dan wat julle wil,
en dit sal met julle gebeur. 8 Hierdeur word my
Vader verheerlik, dat julle baie vrug dra en my
dissipels kan wees."

*Johannes 15:1-8*

16 Julle het My nie uitgekies nie, maar Ek het julle
uitgekies en julle aangestel om uit te gaan en
vrug te dra, vrug wat blywend is, sodat, wat
julle die Vader in my Naam vra, Hy dit aan julle
mag gee. 17 Dit beveel Ek julle: Julle moet
mekaar liefhê."

Johannes 15:16-17


Dra
vrugte
Matteus 7:17-20